

# KOMMUNIKAMMA 1 MEI 2022



## **Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:**

Jou blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za

Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

## **PROGRAM VIR DIE WEEK:**

### **Sondag 1 Mei 2022**

**Skriflesing:** Openbaring 5:11 - 14

**Tema:** Hoe lees ons Openbaring?

<https://youtu.be/OpxnyLGjQIM>

Skakel gerus om 09:00 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.

Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

### **09:00 EREDIENS**

**Geen Kleuterkerk of Kategese a.g.v die langnaweek**

**Die deurdankoffer gaan vandag vir Maranatha**

### **Maandag 2 Mei**

**OPENBARE VAKANSIEDAG**

### **Woensdag 4 Mei**

**Voedselhulp aan PE-Noord**

**Skenkings kan op Woensdae, tussen 08:00 en 12:00 by die kerkkantoor afgelaai word. Vir die volgende week kan jy met Piet Spies kontak (sel: 084 491 1213) indien jy op 'n ander tyd jou bydrae wil maak.**

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Die nood raak steeds groter. Hul gee ook toebroodjies vir 40 kinders wat honger gaan slaap en skool toe gaan. Hulle vra vir donasies van smeergoed. Dankie vir elkeen se ondersteuning.

**Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is R325 851,13 reeds gebruik om kos aan te koop.**

**Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.**

U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

### **KERKKANTOOR**

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

### **Vrydag 6 Mei**

**05:00 MANNEGROEP by Carnationstraat 15**

Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205

## **Sondag 8 Mei**

### **Moedersdag**

**08:30 EIETDSE EREDIENS EN KLEUTERKERK**

**09:45 KATEGESSE VIR GRAAD 1 – 11 BY DIE KERKGEBOU**

**10:00 KLASSIEKE EREDIENS**

### **SAKE vir GEBED:**

- Dank die Here vir 'n baie geseënde kermis.
- Vrede en 'n oplossing vir die chaos by Kirkwood.
- Ons dank die Here vir elke druppel genade reën, maar bly steeds op ons knieë as ons bid vir die kritieke stand van ons damme.
- Almal wat siek is. Ons bid dat elkeen van hulle genesing en die nabyheid van God sal ervaar.
- Lené Reed se herstel na haar operasies.
- Piet Spies gaan vir 'n operasie.
- Santie du Plessis se seun is in 'n baie ernstige toestand in die hospitaal.
- Die herbou van lewens en infrastruktuur in KwaZulu-Natal.
- Die situasie in die Oekraïne is baie kritiek. Ons bid vir Goddelike ingryping, beskerming van mede-gelowiges en almal wat deur die oorlog geraak word. Bid vir Christene in Rusland. Baie van hulle is nie ingelig oor alles wat in Oekraïne aan die gang is.
- Gerrit en Janine Coetzee se bediening. Ons bid dat die Here sal seën en beskerm op elke gebied.

### **KERMIS**

Ons dank die Here dat Hy ons bederf het met 'n geseënde kermis. Baie dankie vir almal se bydraes en hulp. Met nog enkele uitgawes uitstaande is ons wins R 116 348.88

Die pretstap/draf het ook R7185.00 vir die Bybelgenootskap ingesamel.

### **Gebedsversoek vir There4-Bedieninge**

Vra dat God vrede en stabiliteit in **Irak** sal voorsien sodat "verplaasde" Christene na hul huise kan terugkeer. Bid saam dat Hy ook gelowiges sal beskerm teen die bedreiging van ekstremiste wat nog in Irak woon.

### **Kerke en burgerlike organisasies takel disfunksionele stadsraad**

'n Koalisie van verskeie burgerlike organisasies en ander belanghebbers skop tans vas teen die nuwe laagtepunte van disfunksionaliteit in die stadsraad van Nelson Mandelabaai. Die koalisie van uiteenlopende vennote het een gemeenskaplike doel voor oë: om die beste belange van alle burgers te dien deur oplossings voor te stel en op oplossings aan te dring.

Monga Peter, die voorsitter van die groep, sê die situasie het onuitstaanbaar geraak. Die munisipaliteit stort in duie met die gevolg dat armoede, werkloosheid en lae vlakke van dienslewering eskaleer. Terwyl die groep a-polities is, fokus dit om 'n stel waardes en positiewe aksie.

Die Nelson Mandelabaai Kerkleier-Netwerk, waartoe die NG Kerk ook behoort, is een van die vennote.

### **SENSUS OPNAME 2022**

Aangeheg is 'n skakel om die sensus opname van 2022 aanlyn te doen. Dit neem ongeveer 10 minute om die vraelys te voltooi. Wees deel van die projek. Die proses word so maklik moontlik gemaak vir almal.

[https://getcounted.statssa.gov.za/?fbclid=IwAR3gYta3DxiwpZDUuYANqZIOYKGDG\\_LUCOdqILPPAfKXQ3wQk6NFIQMS\\_HU#!/home](https://getcounted.statssa.gov.za/?fbclid=IwAR3gYta3DxiwpZDUuYANqZIOYKGDG_LUCOdqILPPAfKXQ3wQk6NFIQMS_HU#!/home)

### **VERJAARSDAE**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

- |       |  |
|-------|--|
| 1 Mei | Erna Keevy   |
| 2 Mei | Anje Potgieter, Ilse van Niekerk en Leila Venter   |
| 3 Mei | Janine Coetzee, Marietjie le Roux, Yvette Nell, Hendre Potgieter, Carika van Herden en Piet Venter |



4 Mei Ryno Muller, Jacobus Pieterse, Talita van Rensburg, Din van Wyk en Minette van Zyl  
5 Mei Rieke Jooste, Susan Pretorius, Hanro van Rooyen, Wihan van Rooyen en Allesandri Vosloo  
6 Mei Jane Nel, Morag Pieterse, Roenel van Rooyen en Huan Visagie  
7 Mei Ria Dreyer, Sakkie Rossouw, Willem Stassen en Philip Vivier

**‘n Spesiale gelukwense aan oom Willem Stassen wat op Saterdag 7 Mei sy 92ste verjaarsdag vier.**

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma

Absa Tjekrek 1400590091

Takkode 632005

